Psalm 18/3 : Dit is God wat die oorwinning gee (2,36-51)

Vir die koorleier. 'n Lied van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het dié woorde tot die Here gerig op die dag toe die Here hom gered het uit die mag van al sy vyande en uit die mag van Saul.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Ek het U hartlik lief, o Heer* – PK de Villiers 1937.

Refrein



Almal: Ek het U baie lief, Here, my Sterkte.
Voorg: Die redding wat U gebring het, was vir my 'n beskerming, u regterhand het my ondersteun, deur u hulp het ek sterk geword.
U het my ruim vastrapplek gegee, my enkels het nie geswik nie.
Ek het my vyande agtervolg en ingehaal, ek het nie omgedraai voordat hulle uitgewis was nie.
Mans: Ja, ek het hulle verpletter sodat hulle nie weer kon opstaan nie.
Hulle het voor my voete gesneuwel.
Vroue: U het my met krag omgord vir die stryd, U het my teëstanders voor my laat swig.
U het my vyande voor my laat vlug en ek kom my haters uitwis.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Voorg: Hulle roep om hulp en daar is niemand wat help nie;
hulle roep selfs na die Here, maar Hy antwoord hulle nie.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Mans: Ek maak hulle fyn soos stof in die wind, ek laat hulle wegspat soos modder in die strate, ja, ek vermorsel hulle.
Vroue: U het my gered van opstandige mense, my as hoof van vreemde nasies aangestel.
'n Volk wat ek nie geken het het nie, is my onderdane.
Mans: Wie ook al van my verneem, gehoorsaam my. Vreemde volke kruip voor my.
Hulle skrik en kom bewend uit hulle forte uit.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Almal: Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is.
Ek prys my God wat my gered het.
Dit is God wat my die oorwinning gee, wat volke aan my onderwerp.
Hy red my van my vyande.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Mans: Ja, U stel my buite bereik van my teëstanders, U bevry my van geweldenaars.
Vroue: Daarvoor sal ek U loof voor die nasies, Here, tot eer van u Naam 'n lofpsalm sing.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Voorg: Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee
en trou aan sy gesalfde betoon, aan Dawid en sy nageslag vir altyd!
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.